

# GEMEENSKAP INLIGTING

Orion Minerals

# MQA Leerlingskap geleenthede vir gemeenskappe

**In lyn met ons doelwitte om ons gemeenskap vaardighede op te gradeer, het Orion toegang tot vyftig (50) 'Mine Qualification Authority' (MQA) leerlingskappe gekry wat deur die Murray en Roberts Training Academy gefasiliteer sal word. Die leerlingskappe sal aan die gemeenskappe van die Siyathemba en Nama Khoi Plaaslike Munisipaliteite en die dorp Vanwyksvlei aangebied word. Die fokus sal beroepsgesondheid, veiligheid en omgewingspraktyke, sowel as mynbou vereistes op 'n intree vlak insluit.**

Die leerlingskap program, wat beplan is om op 31ste Oktober te begin, is geakkrediteer deur die MQA – die mynbedryf se Sektor Onderwys- en Opleidings Owerheid. Sodra dit voltooi is, sal die deelnemers 'n NQF Vlak 2 Nasionale Sertifikaat in beroepsgesondheid, veiligheid en omgewing ontvang. Orion het verwag dat die aanvang van die ontwikkel aan die einde van September sou begin het, weens kapasiteit beperkings by die M&R Training Academy, is die begin datum uit gestel. Deelnemers sal ook kwalifikasies kan kry in Noodhulp, Pype, Spore en Ventilasie, Bevoegheid B (ondergrondse bevoegdheid), Werk op Hoogtes, Basiese Brandbestryding, Verteenwoordiger in Veiligheid Gesondheid en Omgewing en Intermediêre Rigging. Die opleiding sal by die Murray en Roberts Training Academy in Carletonville onderneem word en sal in maandelikse 2-weekblokke oor 'n tydperk van 6 maande aangebied word.

Die MQA befondsing sal toegeken word om alle opleidings verwante uitgawes soos, verblyf, etes en 'n maandelikse toelae te dek. Vervoer sal deur Orion na en van die opleidings lokaal voorsien word.

Die gasheer gemeenskapslede wat gekies is om aan die opleiding deel te neem, is geïdentifiseer uit die maatskappy se databasis van die Inleiding tot Mynbou kursusse wat deur verskeie fases van sifting gegaan het, wat beroep evaluering en -toetsing ingesluit het. Om aan MQA-vereistes te voldoen, was slegs die deelnemers wat medies geskik is, jonger as 35 jaar oud is en wat vir die duur van die opleiding werkloos sal wees, in aanmerking geneem.

Die opleiding sal nie toekomstige indiensneming vir deelnemers verseker nie, maar die kwalifikasies wat verwerf sal word sal 'n uitstekende grondslag bied vir oorweging wanneer geleenthede ontstaan sodra Orion se projekte ten volle begin opereer. Moontlike verdere gespesialiseerde opleiding sal ook dan oorweeg word. Orion bly daartoe verbind om soveel moontlik opleiding, werk en sakegeleenthede vir ons gasheer gemeenskappe te skep.